Bewaring

Breld 15/10/88

# Volkstem-gebou dalk 'n museum

DIE Volkstem-gebou oorkant die reuse-gebou van die Transvaalse Provinsiale Administrasie, dra die stigtingsjaar van die koerant, 1873, op sy hoekgeweltjie, hoewel die gebou self eers later opgerig is.

In 'n ander gebou van 1882 op die suidoostelike hoek van Andries- en Vermeulenstraat, teenoor die huidige Staatsbiblioteek, het manne wat legendes geword het vir dié koerant gewerk: manne soos Frans Vredenrijk Engelenburg, Gustav Preller, Eugène Marais, Frederik Rompel, Marcus Viljoen, Louis Hiemstra, Otto Schwelnuss, Jan Ploeger en talle ander wat hul stempel op die joernalistiek en ander terreine sou laat.


Die oorspronklik Volkstem-gebou van 1882 het die koerant deur geweldige woelige jare gehuisves, jare van aktiewe bevordering van Afrikaanse volksbewussyn (die Afrikaanse Taalgenootskap is onder meer hier gestig), en die oorlogsjare toe die koerant meermale stilgemaak is.

Celliers en sy assistent W.E. Bok, wat later Staatsekretaris geword het, is selfs op 'n keer deur die Engelse op aanklag van hoogverraad in die tronk gesmyt.

Onder Engelenburg is 'n weeklikse Engelse uitgawe vanaf 1889 gepubliseer. Tydens die Tweede Vryheidsoorlog het hy na die front gegaan en 'n uitgawe te velde gepubliseer wat gedruk is op 'n trap-pers in 'n spoorwegwa en op 27 Oktober 1899 in Glencoe verskyn het.

Op 31 Oktober 1949 het die laaste uitgawe van Die Volkstem, soos die koerant teen daardie tyd bekend gestaan het, in Pretoria verskyn. Maar net die volgende dag het dit in Johannesburg begin verskyn, eers as 'n oggendblad en van Junie 1950 tot 31 Maart 1951 as weekblad.

Dit is goeie nuus om te hoor dat die gebou moontlik in 'n joernalistiek-museum omgeskep gaan word waar die bogenoemde kleurryke geskiedenis ten toon gestel kan word.



DIE Volkstem-gebou oorkant die TPA se hoofkwartier in Pretoria, met die stigtingsjaar van die koerant op sy hoekgeweltjie – 1873 – kan misleidend vir die oningeligte wees, want die gebou self is eers later opgerig. Daar is nou sprake van die omskepping van die geboutjie in 'n museum vir die joernalistiek.

**Skets en teks: Hannes Meiring**

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013